

WEET VOOR JY GAAN

Die Bootvaart VEILIGHEIDSKODE

Raak met die Nieu Seelandse Bootvaart Veiligheidskode vertrouwd voordat jy op ons seë, mere en riviere gaan vaar, ongeag die tipe boot wat jy gebruik.

5 eenvoudige reëls wat jou help veilig hou:

- 1 Reddingsbaadjies**
Neem hulle saam - Dra hulle
Bote, veral die wat minder as 6m lank is, kan baie vinnig sink. Die dra van 'n reddingsbaadjie verleng jou oorlewings tyd in die water.
- 2 Skipper se verantwoordelikheid**
Die skipper is vir die veiligheid van iedereen aan boord en vir die veilige beheer van die boot verantwoordelik. Moet nie die perke van jou boot en van jou ervaring oorskry nie.
- 3 Kommunikasie**
Neem twee afsonderlike waterdigte kommunikasiemiddels saam sodat ons kan help indien jy in die moeilikheid raak.
- 4 Mariene weer**
Nieu Seeland se weer kan uiters onvoorspelbaar wees. Gaan die plaaslike mariene weervoorspelling na en wees beide weers- en seetoestand verandering te wagte.
- 5 Vermy alkohol**
Veilige bootvaart en alkohol gaan nie saam nie. Dinge kan vining op die water verander en jy moet waaksaam en op jou hoede wees.

Ook beskikbaar:

**Die Buitelug
VEILIGHEIDSKODE**

**Die Water
VEILIGHEIDSKODE**

